# DIE FOKUS




*Hier is ek! Stuur my!*

*22/02/2026*



Nuusbrief van NG Gemeente Fichardtpark
Kerkkantoor Tel 051-522 5418

# **FOKUS** OP DIE DIENS

**PREDIKER:** Dr. Enrico Casaleggio

**SKRIFLESING:** JOHANNES 11:45 – 57, **TEKS**: JOHANNES 11:50 (Ons lees uit die 2020-Vertaling)

**TEMA:** JESUS SE PLAASVERVANGENDE DOOD
Johannes 11:46,47

*1. MOENIE JOUSELF VERHARD IN ONGELOOF NIE*
Matteus 22, Johannes 11:45

*2. IN DIE PLEK VAN*
Die Bybel se boodskap in vier woorde: "in die plek van"
Johannes 11:50

**BELYDENISKLAS:** Die Belydenisklas kom direk na die erediens by dr. Enrico bymekaar. Daar is in die Christelike kerk wêreldwyd baie dinge aan die gebeur. Party dinge dra by tot die eer van die Here en ander is bloot daar tot die vermaak van mense. Hoe onderskei ons tussen dié twee strome? Ons kyk vandag na 'n meetinstrument wat ons met hierdie onderskeid help.

**SONDAGSKOOL**: Die kinders kom na die erediens in hul verskeie lokale op die boonste vloer vir Sondagskool bymekaar. Ons doen 'n vriendelike, tog baie dringende beroep op die ouers om saam met hul kinders die erediens by te woon. By die Sondagskool word die ODOS-leerplan gebruik. Meer inligting daaroor is op 'n drukstuk op die houtrak in die voorportaal beskikbaar.

**KLEUTERKERK:**
Na die Kindermoment in die erediens kan die kindertjies met ouderdomme tussen ***3 jaar en Graad R*** saam uitbeweeg na die konsistorie. Die leerplan van ODOS word met ons klein maatjies gedoen.

# **FOKUS** OP DIE GEMEENTE

**VROUEBYBELSTUDIE**: Daar is Bybelstudie vir die vroue (Donderdae 10:00 by die kerkgebou), asook by die Aftreeoord (Donderdae 9:00). Ons sit ons studie oor die boek Openbaring voort. Die boek Openbaring se doel is onder andere om Christus as oorwinnaar aan ons te wys en ons toe te rus vir die hede en die toekoms, deur ons te verseker dat God wen, die bose verslaan is en ware seën op ons wag. Dit maak die gewone dae van die lewe betekenisvol.

**Apolo-Tiener**: Die tieners kuier weer Donderdagaand om 19:00 saam by dr. Enrico. Ons is besig met 'n kursus: "Hoe bewys ek dat God bestaan?" Dit is 'n onderwerp wat veral vir tieners en studente baie belangrik is.

**Spesiale Dankbaarheidsoffer-insameling: 2025**

Ons gemeente se jaarlikse Spesiale Dankbaarheidsoffer-insameling vind soos in die verlede, vanaf 1 Oktober tot einde Februarie plaas.

Daar is drie opsies wat u kan gebruik vir u bydrae:

1. Spesiale Dankoffer koeverte is in die voorportaal op die houtrak beskikbaar. U kan die koevert in die kollektesakkie gooi.
2. U kan die kerkkantoor na die erediens besoek en met die kaartmasjien 'n betaling doen.
3. U kan 'n direkte inbetaling op die kerk se rekening doen. Besonderhede is as volg: NG Gemeente Fichardtpark, **ABSA** tjekrekening **0490 580 395** met takkode **632005**. V*erwysing*: **Spes Dankoffer/Naam**.

Weer eens baie dankie vir u waardevolle bydrae en samewerking in dié verband.

Die saldo staan tans op **R229 560**



**BIDUUR**: Daar is elke Vrydagoggend van 6:30 – 7:00 'n gebedsgeleentheid in die Gebedskamer. Die tyd is so vroeg in die oggend om mense wat nog moet werk toe gaan, ook die geleentheid te gee om dit by te woon. Daar sal tydens die biduur 'n kort boodskap uit die Bybel wees. Die biduur sal 'n meditatiewe aard hê. Die tyd en aard van die biduur mag dalk ook mettertyd aangepas word.

# FOKUS OP VERJAARSDAE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 22/02/2026: | Charl Bretzke,<br>Lené Griessel,<br>Jan Kleynhans | 26/02/2026: | Tita van Rooyen,<br>Ruben van Schalkwyk |
| 23/02/2026: | Alta Watson | 27/02/2026: | Pieter Fourie,<br>Dirk Rossouw |
| 24/02/2026: | Geen | 28/02/2026: | Dawie Lots,<br>Ashton van Ryneveld |
| 25/02/2026: | Geen | | |

# FOKUS OP VOORBIDDING

- Ons dink aan mense wie se gesondheid nie meer so goed is dat hulle die erediens in die kerkgebou kan bywoon nie.
- Ons bid vir ons gemeente se aktiwiteite.
- Ons dank die Here vir al Sy genade wat ons elke dag mildelik ontvang.
- Mariénne Bender se pa is die afgelope week oorlede. Sy begrafnis was Donderdag op Upington. Ons bid hulle die troos van die Here toe.
- Dit is met groot opgewondenheid en dankbaarheid dat ons julle kan laat weet dat Sarahné en Nico se babatjie, Maria, Dinsdagmiddag gebore is. Baie geluk aan hulle. Maar baie geluk ook aan (Ouma en Oupa) Retha en Dirk. Ons dank die Here saam met hulle.

# FOKUS OP TOERUSTING

**BYBELSKOOL:** Ons gaan hierdie week verder met ons nuwe reeks. Ons kyk na die sewe *sogenaamde* doodsondes en vergelyk dit dan met teenoorstaande sewe Christelike deugde. Daar is 'n grappie van iemand wat bid: "Here gee my asseblief geduld, maar maak tog net gou!" Ons kyk hierdie week na die doodsonde van wraak of woede teenoor die Christelike deug van geduld of liefde.